

ANB NUUSBRIEF

Desember 2013

Amptelike spreekbuis van die Afrikaner Nasionalistiese Beweging

Nommer 48

ANB IS GEREED VIR TIENDE JAAR IN DIE STRYD



Die ANB se Dagbestuurslede is almal in hul poste herkies op die onlangse reorganisasievergadering van die Hoofbestuur.

Voor, van links, is mnr. Jannie Brink (sekretaris), Johann Grobler (voorsitter) en Carel van der Grijp (onder-voorsitter). Agter staan mnr. Gerhard van der Grijp (addisionele lid) en Emil de Villiers (tesourier)

Met nege jaar van stryd agter die rug kon die ANB se Hoofbestuur vroeg in November vanjaar met nuwe hoop en baie geloof reorganiseer vir die belangrike jaar, 2014, wat volgende jaar voorlê.

Nadat die Hoofbestuur gereorganiseer is kon die nuwe Dagbestuur ook verkies word. Uiteindelik is al die dienende dagbestuurslede onbestrede in hul poste herkies, wat daarop dui dat die ANB nie net stabiel bestuur word nie, maar ook dat daar vertroue heers in die vyf manne wat die afgelope vyf jaar reeds aan die stuur van sake in die ANB staan.

Mnr. Johan Grobler is herkies as voorsitter, met mnr. Carel van der Grijp as die ondervoorsitter. Die tesourier is steeds mnr. Emil de Villiers, terwyl mnr. Jannie Brink weer die verantwoordelikheid as sekretaris sal neem. Die addisionele dagbestuurslid is mnr. Gerhard van der Grijp.

Na die verkiesing van die Dagbestuur het die voorsitter, mnr. Grobler, die hoofbestuur daarop gewys dat 2014 'n besondere jaar gaan wees in vele opsigte, maar dat dit veral vir die ANB besonders sal wees omdat dié beweging volgende jaar sy tiende verjaardag vier. Hy het die hoop uitgespreek dat die ANB 'n suksesvolle jaar sal beleef en dat volgende jaar se jaarvergadering 'n saal vol lede sal trek.

Daar is reeds besluit dat 'n spogdinee vroeg in November volgende jaar aangebied sal word om die ANB se eerste dekade van stryd te vier.

Na 'n baie lewendige bespreking oor sake van die dag, waarin hoofbestuurslede se insette weer daarop gedui het dat die aanslag teen Afrikanernasionalisme by die dag feller word, het mnr. Carel van der Grijp, ondervoorsitter van die ANB, die vergadering toegesprek.

In sy besielende rede het mnr. Van der Grijp heel eerste weer lede van die ANB gewaarsku teen emosionele argument van Afri-

kaners wat ons volksgenote na die ANC-regime se stembus wil lok. Hy het ook verwys na die dilemma waarin 'n organisasie soos die sogenaamde Verteenwoordigende Volksraad, met HNP-leier Andries Breytenbach as "president" gaan beland. Onder die ondersteuners van hierdie organisasie is daar stemmers en nie-stemmers en die verwarring en twis wat in daardie geledere kan ontstaan is voor die hand liggend. Dit laat 'n mens terugdink aan die verhouding tussen KP-onsteuners en die leiers van die Vryheidsfront kort nadat Constand Viljoen en sy makkers in 1994 dié party vanuit die Afrikaner Volksfront gestig het om aan Mandela se verkiesing deel te neem. KP-leiers wou nie openlik teen die Vryheidsfront standpunt inneem nie en het dus die besluit oor deelname aan die verkiesing aan elke individu oorgelaat.

Wat gaan die HNP-manne dus volgende jaar doen, nou dat hulle in die Verteenwoordigende Volksraad saam met 'n groep stemmers in dieselfde bed geklim het?

Mnr. Van der Grijp het daarop gewys dat die ANB die enigste volksorganisasie vir Afrikaners is wat steeds onbesmet los van die huidige bestel staan en ten doel het om die hele stelsel uiteindelik te vernietig. Hy het 'n beroep op lede van die ANB gedoen om steeds rotsvas by die beginsels van Afrikanernasionalisme te bly staan en die stryd in geloof voort te sit. Hierdie beginsels sluit ook in dat ons sal waak teen die humanistiese aanslag van organisasies soos Solidariteit en Afriforum, wat geen volksorganisasies wil wees nie, maar mense op sleeptou neem met hul sogenaamde stryd vir minderhede en menseregte.

Die ANB se beplanning vir 2014 is ook gefinaliseer en die Hoofbestuur vergader weer vroeg in Februarie vir die eerste keer. ■

ANB NUUSBRIEF KOMMENTAAR

Posbus 293, Ferndale, 2160
e-pos: Nasionalis@vodamail.co.za

Steeds vrae oor Boeremag

In die vorige uitgawe van hierdie Nuusbrieff het ons die saak behandel van spioene en provokateurs wat geplant word in die gelede van byna elke organisasie wat teen die regering in Suid-Afrika stry.

Die beëdigde verklaring van 'n oud polisieman, Deon Loots, wat aanvanklik betrokke was by die hele projek wat later as die Boeremag-sage bekend sou word, het bewys hoe sekere elemente in die Suid-Afrikaanse Polisie betrokke was by die beplanning van die hele sage en hoe hulle selfs "bewyse" en dokumente geplant het om aan hierdie saak geloofwaardigheid te gee.

Intussen is die Boeremag beskuldigdes in die hof skuldig bevind en gevonnis, ná 'n rekordbrekende verhoor van byna tien jaar.

Daar was skok en ontnugtering oor die swaar strawwe wat aan die meeste van die beskuldigdes in hierdie saak opgelê is. Daar kan geen twyfel wees dat die regime hul doel met die saak bereik het nie. Die boodskap is nou glashelder aan elke burger van Suid-Afrika uitgedra: Moenie eers probeer om teen hierdie regime in opstand te kom nie, want hulle sal jou lewe ook verwoes, soos die meeste van die Boeremag-manne se lewens reeds verwoes is.

Hoeveel vrae 'n mens ookal kan vra oor hierdie saak, die afloop daarvan bewys weereens die skaakmat posisie waarin die Afrikanervolk verkeer. Dit is fisies onmoontlik om die regime by die stembus te verslaan en ons land só terug te neem. Nou het die Boeremag-saak ook gewys dat, tersy die grootste deel van die Afrikanervolk wat in die land oorgebly het soos een man saamstaan, fisieke geweld op hierdie stadium geen opsie is vir Afrikaners wat uit die situasie wil ontsnap nie.

Wat bly dus oor vir die Afrikaner? Daar is eintlik net een van twee keuses. Eerstens kan ons opgaan in die nuwe bedeling en sodoende uiteindelik ons volk vernietig, want oor vyftig jaar sal daar dan niks van die Afrikanervolk oorgebly het nie.

Die tweede keuse is om in geloof te konsolideer, soos wat Afrikaners ná 1902 onder die leiding van genl. JBM Hertzog gemaak het. Hertzog was ook die man wat by die Vrede van Vereeniging gesê het dat hy bereid was om die vredesdokument te teken, maar dat hy in dieselfde asem ook verklaar dat hy hom daarvoor sou beywer om die Afrikaner se vryheid terug te wen die oomblik as die geleentheid hom daartoe voordoen.

Konsolidasie in geloof. Dis wat ons op hierdie stadium te doen staan. Met ons volk se geskiedenis in aggenome en met die onbeholpenheid van die huidige regime in Suid-Afrika ook in die agterkop, weet ons dat die geleentheid om ons vryheid te herwin wel weer sal kom.

Zuma die onaantasbare

Om aan te sluit by die onderwerp hierbo en om te dien as bewys hoe belaglik die "demokrasie" in Suid-Afrika is, hoef 'n mens nie veel verder te kyk as die huidige situasie in die land nie.

Suid-Afrika sit met 'n president wat 'n verleentheid is vir elke regdenkende inwonder van die land. Nog voor hy president geword het, het hy al 'n hofsak oor verkragting met 'n glimlag op die mond omseil, deur eenvoudig aan te dui dat die klaagster sy

toenadering verwelkom het.

Daarna het hy 'n korrupsie-aanklag ontduik, net om maande later die magtigste man in die land te word. Nou maak hy eers wat hy wil. Hy steur hom aan geen reëls of regulasies nie en terwyl alle aanduidings tans weer daarop dui dat hy op groot skaal by korrupsie betrokke was en homself verryk het met belastingbetalersgeld, lag hy dit eenvoudig af, terwyl hy deur sy vriende beskerm word.

Die wyse waarop Zuma egter tans beskerm word deur ministers, partygenote en ander invloedryke persone bewys net die klug van die demokrasie in ons land. As jy die meerderheid by die stembus agter jou het en die regte mense beskerm jou, kan jy in Suid-Afrika met enigiets wegkom. Dis skokkend, maar dis die gevolge van "demokrasie" in Afrika, waarin almal gelyk is en die massas in hul miljoene stemreg het, al is 'n kruisie met 'n potlood die naaste waaraan hulle aan skryf kan kom.

Ironies genoeg was daar 'n tyd toe ons van hierdie tipe dinge gehoor en gelees het toe dit altyd "iewers in Afrika" gebeur het. Ons het gehoor van staatshoofde wat hulself verryk, wat vir hulself paleise bou en in duur blink motors rondjaag terwyl hul onderskeie lande agteruitgaan tot op die punt waar die infrastruktuur vernietig word en die massas krepeer. As Afrikaners hierdie dinge dertig jaar gelede gesien en gehoor het, het hulle net gelag vir die patete van Afrika en weer NP gaan stem, want hier by ons sou sulke dinge mos nooit gebeur nie. Min het hulle besef dat hul kruisie vir Vorster, Botha en De Klerk elke keer hierdie Afrika-euwels nader aan hul eie voorstoep gebring het.

Dan word daar vir ons vandag steeds deur die liberale idiote, wat nie wil erken dat hul drome van 'n Afrika-Utopia skouspelagtig misluk het nie, vertel hoe dankbaar ons moet wees vir die wonderlike grondwet wat ons het. Dit terwyl elke nugter mens in hierdie land teen hierdie tyd weet dat die grondwet nie die papier werd is waarop dit geskryf is nie. Afrika is Afrika en as jy jou aan die Afrikaan wil gelykstel sal jy maar net aan sy dinge gewoon moet raak.

Die jaar 2014

Kom ons sluit af met 'n boodskap van hoop. Die vordering van die stryd van Afrikanernasionalisme kan in 2014 drasties wees as ons die regte dinge op die regte tyd doen. Uit 'n geskiedenis oogpunt sal volgende jaar vir ons 'n jaar van geleenthede wees.

Die ANC is volgende jaar 20 jaar aan bewind. Hierdie gebeure sal vir ons die geleentheid skep om die vlam van nasionalisme ordentlik aan te blaas. Dink byvoorbeeld wat die propaganda-waarde kan wees van 'n vergelyking met dit wat die NP-regerings van Malan, Strijdom en Verwoerd in hul eerste 20 jaar aan bewind tussen 1948 en 1968 bereik het teenoor dit wat gebeur het onder die ANC-regimes van Mandela, Mbeki en Zuma tussen 1994 en 2014!

Die jaar 2014 skep natuurlik ook die geleentheid om die eeufees van die Rebelle van 1914 te vier, terwyl daar baie politieke strominge in Afrikanergelede was in daardie jaar.

Dis ook die dertigste herdenking van die inwerkingstelling van die driekamer parlement in Suid-Afrika, die jaar waarin die Afrikaner hul eersgeboortereg verkoop het aan mense wat daarop aangedring het dat die Christelike gebed in die parlement afgeskaf moes word, omdat dit die aanbidders van ander gode aanstoot sou gee.

Laat ons die geskiedenis volgende jaar meer as ooit gebruik om die vlam van nasionalisme brandend te hou onder regdenkende Afrikaners.

ANB VIER HELDEDAG MET PLAASONTBYT

Die ANB het volgens tradisie en beginsel vanjaar weer Hieldedag gevier en net soos verlede jaar is dié funksie weer met groot sukses aangebied aan die buitewyke van Pretoria op die plaas van mnr. Piet van den Bergh en sy vrou, Petro.

Gaste by die funksie is getraakteer op 'n heerlike plaasontbyt, soos voorberei deur mev. Van den Bergh en haar span helpers.

Mnr. Koos Venter, voorsitter van die ANB se Jaap Marais-tak, het gaste toegesprek met 'n rede oor Hieldedag, die dag wat in die Afrikanerrepubliek elke jaar op 10 Oktober, die verjaardag van pres. Paul Kruger, gevier is.

Venter het gesê dat dit noodsaaklik is om in die tyd waarin ons leef eers te definieer wie ons as 'n held wil klassifiseer. Hy het daarop gewys dat ons nie die "sterre" en "ikone" van die hedendaagse samelewing moet verwar met ware helde nie. Net soos die sterre wat aan die hemel skyn, kan hierdie "sterre" ook gou uitbrand en dan val en in die vergetelheid verdwyn. Baie van hierdie "sterre" is eintlik swakkeling wat geen goeie voorbeeld vir die samelewing is nie, maar hulle word vereer weens hul talent as sportmanne of akteurs. Volgens Venter is 'n ware held iemand wat die toets slaag as hy gemeet word aan kriteria soos dapperheid, geloof, deursettingsvermoë, patriotisme en veral sy sin vir verantwoordelikheid en sy respek vir beginsels. Hy het ook gesê ons mag sulke helde vereer, juis omdat hulle met geloof en standvastigheid die regte voorbeeld stel. Die getuienis van 'n ware held se lewe sal hul volgelinge juis laat beseft dat hulle in geloof en uit beginsel as diensknegte van God opgetree het, al was hulle ook feilbare mense. Juis daarom is hul ons helde.

Teen hierdie agtergrond het Venter weer gaan kyk na die lewe van



Die ANB se voorsitter, mnr. Johann Grobler (links) oorhandig 'n geskenk as blyk van waardering aan mev. Petro van den Bergh vir die opofferings wat sy en haar man, mnr. Piet van den Bergh gemaak het om die ANB se suksesvolle Hieldedagvieringe op hul plaas buite Pretoria aan te bied.

pres. Paul Kruger. Hy het gesê dat Kruger ironies genoeg ook oor die fisieke vermoëns beskik het om 'n internasionale sportster te kon wees. Sy krag, spoed en uithouvermoë was legendaries. Dit is egter eerder weens sy geloof, sy nederige diensbaarheid aan God en volk, sy beginselvastheid en sy verantwoordelike sin dat ons hom as een van ons heel grootste volkshelde eer.

Geslagsvoorligting - Humanistiese wapen teen die Christenkind

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het talle humanistiese uitgangspunte die sielkunde en ook die opvoedkunde deursuur en dit met 'n Bybelse suikerlaag oordeel om dit sodoende aanneemlik te maak vir Christene. So kan die eksperimentering met en latere implimentering van die gesinsvoorligting- en geslagsvoorligting programme in ons skole ook beskryf word. GERHARD VAN DER GRIJP het hierdie saak ondersoek.

Vanaf 1984 tot en met 1989 is daar gesinsvoorligting op 'n eksperimentele basis in sommige skole van die Transvaalse Onderwys Departement (T.O.D.) aangebied. Gedurende Mei 1989 moes twee onderwysers van elke Hoërskool van die T.O.D. 'n oriënteringskursus bywoon by die Kollege vir Indiensopleiding in Pretoria met die oog op implimentering vanaf 1990. Hierdie opgeleide personeel sal dan verantwoordelik wees vir die aanbieding van die gesinsvoorligting of geslagsvoorligting program in die skole. Die kursus moes in twee dele opgedeel word, die minder "sensitiewe" deel wat as die gesinsvoorligtingsprogram dien vir laerskoolkinders en dan die "sensitiewe" deel wat dan as die geslagsvoorligting-deel dien vir hoërskoolkinders.

Dit moet duidelik begryp word dat die implimentering van hierdie program in ons skole nog 'n aanslag op die psige van ons kinders was en vandag steeds is. Ons kan hieroor duidelikheid vind deur kortliks te gaan kyk na die inhoud van die "sensitiewe" program vir die Standard 5-7 kinders getiteld "Die nuwe jy".

In hierdie junior afdeling word die geslagsdele, asook die deurgevoerde funksies daarvan grafies verbeeld. Die aanbieder het die vrye keuse om haar eie kommentaar te lewer oor die skyfies, wat meestal die geval is, of deur middel van 'n T.O.D. klankbaan wat verskaf is. Op die klankbaan word die huweliks seksuele aspek op 'n wêreldgerigte uitkyk aan die kinders verwoord deur die klem op die fisiese intieme liefkosing te laat val om sodoende die liefde as 'n fisiese aanvoeling uit te beeld. Daar word verder ook gemeld dat

fisiese veranderinge tydens puberteit gepaard gaan met emosionele veranderinge soos moedeloosheid oor verhoudings ens. Hierdie hele skyfiereeks word deurslagtig met 'n Christelike kleed en Bybelversie aangebied.

Vir die Standard 8 tot 10 kinders was die skyfiereeks basies dieselfde as die vorige maar met 'n meer tegniese aangepaste klankbaan. Opvallend word die huwelik egter nêrens genoem nie en die poging tot 'n Christelike inslag ontbreek ook nou.

In hierdie afdeling word daar ook meer grafiese uitbeeldings deur middel van fotoskyfies aangebied van die manlike geslagsorgaan en word daar verder uitgebrei oor geslagsiektes en die gevolge daarvan.

Na afloop van hierdie aanbieding mag kinders anoniem vrae per briefie stel wat later voor die hele groep beantwoord word.

Bogenoemde is 'n kort opsomming van wat in hierdie programme aangebied word. Laat ons nou in diepte gaan kyk na die gevare wat hierdie program inhou vir ons kinders en waarom dit 'n aanslag op die Christen kind is.

Die Christen Ouer Vereniging (COV) voer aan dat geslagsvoorligting uit ons skole verwyder moet word weens "onbybelse uitgangspunte, opvoedkundige mistastings en valse motiverings". Hiermee is die bedoeling van die COV nie om die opstellers as onchristelik te verketter nie, maar om duidelik aan te dui dat die program onaanvaarbaar is en dat ons kinders maklik mislei kan word as daar nie vasgehou word aan ons heel hoogste kernbron, die Woord van God nie.

(Vervolg op bl. 8)

'n BOODSKAP VIR DIE TOEKOMS

Op 2 Mei 1937 het Suid-Afrika se Eerste Minister, dr. DF Malan, die volk toegesprek tydens die se eeuefeesviering van Winburg in die Vrystaat. Dit was by hierdie geleentheid dat hy die geveleude woorde "Glo in God, glo in u volk, glo in uself" gesprek het. Daar is beslis steeds baie waarde wat Afrikanernasionaliste vandag nog kan put uit hierdie boodskap. Wat hieronder verskyn, is 'n opsomming van die toespraak soos in *Die Burger* gepubliseer.

Die fees sal vir dié wat dit bygewoon het, onvergeetlik wees, omdat dit gekenmerk is deur 'n gees van ware samewerking van vriende toe die nagedagtenis van hul voorouers geëer moes word. Die fees is onvergeetlik omdat dit gehou is op heilige historiese grond, wat self 'n boodskap vir die volk het. Die toestande wat 100 jaar gelede geheers het, en die gebeurtenisse wat toe plaasgevind het, is herskep en het herlewe en hierdie geslag het gemeenskap gehad met daardie geslag wie se boodskappe oorgedra moet word aan die geslagte van die toekoms.

Op Winburg word die Trekkers 'n Volk

Honderd jaar gelede is die keerpunt in die geskiedenis van die Afrikanerdom gesien. Die Groot Trek het nie plaasgevind as 'n georganiseerde eenheid nie, maar families het in klein groepies die land verlaat op verskeie tye om 'n nuwe tuiste en 'n nuwe bestaan te gaan soek.

Op Winburg het hulle bymekaargekom, waar hulle 'n georganiseerde gemeenskap geword het. Hulle het opgehou om trekboere te wees en het 'n Trekkende Volk geword met 'n definitiewe doel. Om die Eeuefees van daardie gebeurtenis te vier, is van die grootste belang vir Winburg en vir die Afrikanerdom.

Ons staan in die middel van twee eeue en is in staat om 100 jaar terug en in die toekoms te kyk, en daar is 'n indruk waarvan ek nie kan wegkom nie – 'n indruk dat daar in die geskiedenis van Suid Afrika 'n definitiewe rigting is.

As ons terug kyk, lyk dit of die pad die afgelope 100 jaar vol draaie was, vol gevaarlike afgronde, en by rukke of die horison verdwyn het as ons nie vorentoe kyk nie, maar was daar nie 'n rigting in hierdie blykbaar rigtinglose weg nie? Daardie weg is nie alleen deur werksmanne gemaak nie. Die ontwerp van daardie weg is die werk van 'n Oppermagtige Brein, 'n Ingenieur wat rigting gekry het vir 'n blykbaar rigtinglose pad. Die rigting was vasgestel en het uitgeloopt op 'n vrye nasie.

Dis lank gelede reeds gesê dat die geskiedenis van Suid Afrika 'n tragedie is en dat dit vergeet moet word om ons in staat te stel om ons aandag te skenk aan die huidige dringende probleme. Ons geskiedenis is nie net 'n tragedie nie. Dis niks anders as die hoogste kunswerk van die eeue, ons het 'n reg op ons nasieskap omdat dit aan ons gegee is deur die Argitek van die heelal. Die doel van die Argitek was die vorming van 'n nuwe nasie onder die nasies van die wêreld.

Voortrekkers laat nuwe volk gebore word

Daar was voorheen blankes in Suid Afrika onder wie daar 'n ontwakende nasieskap aanwesig was, maar dit moet erken word dat die Voortrekkers meer bygedra het tot die eintlike geboorte van die nasie as alle ander.

Ander belangrike gebeurtenisse soos die landing van Jan van Riebeeck en die Eerste en die Tweede Vryheidsoorlog het ook bygedra tot die geboorte van 'n nasie, maar niesteenstaande dit het die Voortrekkers die grootste aandeel geneem in die vorming van die Afrikanernasie.

In die briefwisseling tussen Piet Retief en sir Andries Stockenström praat laasgenoemde van "hierdie" mense, terwyl Retief van "my" land en "my" mense praat. Dit was die nuwe gees wat eerste deur die Voortrekkers uitgesprek is.

As ons terugkyk oor die afgelope 100 jaar, is ons verbaas oor die

betrekklike kort tydperk waarin 'n nuwe nasie tot stand gekom het. Die geboorte van 'n nasie in so 'n kort tydjie is 'n wonderwerk in vergelyking met ander nasies wat eeue geneem het. Hierdie kort tydperk van ons nasiewording het geen gelyke in die wêreldgeskiedenis nie.

Die wonder van ons taal

Ons het nie alleen nasieskap in 'n eeu behaal nie, maar ons het ook 'n eie taal opgebou, 'n taal wat nie voorheen bestaan het nie. Die siel van 'n nasie is gebore en daardie siel moes 'n vorm van uiting hê.

'n Nasie kan nie sonder 'n taal bestaan nie en die geboorte van ons taal in so 'n kort tydjie is 'n ander wonderwerk wat nie sy gelyke in die wêreldgeskiedenis het nie. Die volk het baie jare vergeet dat hy 'n eie taal het, maar ook dit het tot sy reg gekom. Sedert Afrikaans 'n geskrewe taal geword het, het daar meer Afrikaanse boeke verskyn in 15 jaar as wat daar Engelse en Hollandse boeke in 100 jaar verskyn het.

Die volk moet 'n geskiedenis hê om hom te inspireer en aan te spoor vir die toekoms. Ons is 'n jong volk met 'n jong taal, maar ons het 'n ryk geskiedenis, vol met helde wat sal lewe so lank as wat die Afrikanernasie bestaan. Daar is geen ander nasie in die wêreld wat soveel groot manne gelewer het nie. As ons 'n nasie was wat ons bemoei het met wêreldsake, sou ons 'n Cromwell, Luther, Washington, en Lincoln kon gelewer het.

God het 'n plan met Afrikanervolk

'n Wonderwerk het in die afgelope 100 jaar gebeur, 'n wonderwerk waaragter daar 'n goddelike plan moet wees. Die geskiedenis van die Afrikaner openbaar vasberadenheid en 'n doelbewustheid, wat 'n mens laat voel dat die Afrikanerdom nie die werk van mense is nie, maar die skepping van God is.

Alles wat in die afgelope 100 jaar gebeur het, het gebeur in die teenwoordigheid van die drie woorde: "ten spyte van". Ons het nie die groot getalle soos die Verenigde State nie, en die paar wat hier was, was oor die hele land versprei. Dit is nie moeilik om 'n nasie op te bou uit groot getalle in 'n dig bevolkte land nie. Ten spyte van die klein verspreide bevolking is 'n nasie opgebou.

Deur middel van skole en opvoeding kan nasieskap gebore word, maar ons Volk het nie die voorregte van skool en kerk gehad nie. Dit het gevaar geloop om verstrooid te raak, en tog het ons 'n nasie geword.

Ons het geen taal en kultuur van ons eie gehad nie, en moes dit leen. Ten spyte van die magtige kultuur wat ons wou oorskadu, het ons 'n nasie geword.

'n Nasie kan nie 'n nasie bly sonder die liefde vir vryheid en gelykheid met ander nasies nie. Magte in Suid Afrika wat nie 'n nuwe nasie nie wil hê nie, het komplotte gesmee om die Suid Afrikaanse nasie te vernietig.

Mag en slughed het saamgespan, en die beendere van ons helde van vryheid lê versprei op die slagvelde. Die magtigste militêre ryk in die wêreld kon egter nie daarin slaag om ons volk te vernietig nie.

Ons mense is blootgestel aan die gevare van 'n swart bedreiging en 'n swart barbaarse bedreiging wat verskeie nasies vernietig het. Ons het egter 'n volk gebly deur 'n verhouding van heer en diensbode tussen blank en swart te skep, en nie rassevermenging toe te laat nie, want 'n volk wat sy rasgetheid verloor, kan nie as volk

(Vervolg op bl. 5)

'n Boodskap vir die toekoms (vervolg)

voortbestaan nie. Ons het 'n volk geword ten spyte van al die gevare en ten spyte van onself.

Dwarsdeur ons geskiedenis is die Godsplan met ons volk klaarblyklik, en ons het die goddelike reg om Afrikaners te wees. Geen mag ter wêreld kan ons nasieskap doodmaak nie, want God het ons volk geskep.

Dit is nie nodig vir ons om te vra wat ons in die toekoms gaan doen nie. Ons kan slegs 'n boodskap van hierdie feesviering rig aan dié wat dit in 2037 sal vier, want ons twyfel nie, en sal nooit twyfel dat die Afrikanervolk dan, of oor 500 jaar, nog sal bestaan nie.

Behoud van vryheid is moeilike taak

Die taak wat op die skouers van ons nageslag rus, sal moeiliker wees as die wat op ons skouers rus of wat op die skouers van die Voortrekkers gerus het.

Ons het vandag vryheid behaal; die stryd om vryheid is verby, maar juis om daardie rede sal hul stryd moeiliker wees, want dis makliker om vir vryheid te strewe as om te weet wat om daarmee te maak as dit eers verkry is, en hoe om dit vir konstitusionele doeleindes te gebruik.

Die Voortrekkers het die kolonie verlaat om die land oop te stel en 'n nuwe tuisplek te vind. Sedertdien het trekkers die Suid-Afrikaanse kus en grense verlaat om nuwe woonplekke in Argentinië, Angola en elders te vind.

Ons taak en die taak van ons nageslag is om 'n tuisplek te vind vir daardie Afrikaners in hul eie land waar hul hoort.

Daar is tans 'n ander en nuwe trek, naamlik die van die platteland na die stede, en die taak van ons nageslag is om toestande in die stede te skep waaronder hierdie trekkers in staat sal wees om Afrikaners te bly, en waarin hulle 'n lewensbestaan kan voer.

'n Ander moeilike taak is geskep as gevolg van die toestroming na Suid-Afrika van mense uit alle dele van die wêreld, wat hierheen gelok is deur die rykdom wat deur God hier geplaas is.

Die Voortrekkers het hierdie land vir ons verower en dit bewoonbaar gemaak vir ons. Sal ons hierdie land vir onself en vir ons kinders behou, of toelaat dat dit in die hande van vreemdes verval, en die kinders van die Voortrekkers vreemdelinge en bywoners in hul eie land word?

Die gevaar van rassevermenging

Die vraag is of Suid-Afrika aan ons sal bly behoort of nie? Die Voortrekkers het gewaak teen rassevermenging, en daardie taak rus nog op ons en sal op ons nageslag rus. In die tyd van die Voortrekkers was dit 'n betreklik maklike taak, maar toestande het tans verander. Die gekleurde rasse raak beskaaf en hulle dring al hoe meer in die werk en kringe van die blanke, waar hulle skouer aan skouer saamwerk – nie as heer en dienskneg nie, maar as werksmense op 'n gelykheids grondslag. In die groter stede woon blankes en gekleurdes teenoor mekaar. Hul kinders speel saam.

Ons boodskap aan ons nageslag is: raak ontslae van die minderwaardigheidskompleks teenoor ander nasies en teenoor ons voorouers en Voortrekkers.

Die Voortrekkers het nie aan 'n minderwaardigheidskompleks gely nie, en ons durf nie so 'n kompleks by onself aankweek nie. Ons nageslag moet aan hul vroue en kinders hul regmatige plek in die stryd vir volksbestaan, soos die Voortrekkers gedoen het, toeken. Ons moet dink aan Bloukrans en die Vrouemonument en besef dat net soveel lewens van vroue en kinders op die altaar van vryheid geplaas is as dié van mans.

Hierdie land is aan die Voortrekkers gegee in omstandighede waarin hulle God nie kon vergeet nie. Die Voortrekker was die kind van die veld, en onder die gedurige gevaar van barbaarse swart mensehordes en diere was hulle noodwendig gedurig afhanklik van



Dr. DF Malan, baanbreker Afrikanerleier in die stryd om vryheid vir die Afrikanervolk te kry op die weg van Afrikanernasionalisme – hy het sy beroemde woorde “Glo in God, glo in u volk, glo in uself” op die eeufees van die dorp Winburg die eerste keer gesê.

die hulp van God.

Ons land is onderhewig aan droogtes wat ons bestaan binne korte tyd kan wegveeg. Ons word gedurig aan God herinner tot wie ons, ons toevlug moet neem. As hierdie fondament ineenstort, is daar geen hoop vir die toekoms nie.

Antwoord op die roepstem

Grootheid word gebore tussen die heuwels in die stilte van die natuur, want in die eensaamheid van stilte spreek die natuur en God, en God word aan die mens geopenbaar. Daar hoor die mens die stem van God en die roepstem van die volk wat hom nodig het.

Die mens antwoord dan op die roepstem, en onderneem die groot taak, en selfs as die volk die onderspit delf, weet hy dat God die bestaan van sy volk waarborg. Hy is nie bevrees om te wen of te verloor nie, want hy weet dat uit die dood lewe spruit, en dat hy die bystand van God en die opdrag van God het om hom te steun in die diens van sy volk.

Dit dan is ons boodskap aan hulle wat hierdie geleentheid in 2037 sal vier, die boodskap wat ons van die Voortrekkers ontvang het, naamlik: Glo in God, glo in u volk, glo in uself.

DIE GROOT TREK: DIE VROU SE ROL IN PERSPEKTIEF

By die herdenking van die Gelofte by Bloedrivier, is dit dan ook ons plig as Afrikaner nasionaliste, om ook die roem en die eer en die nagedagtenis van die Voortrekkervrou te besing. **RETHA PRINSLOO** kyk in hierdie artikel na die rol wat die Voortrekkervrou gespeel het in die Groot Trek en hoe sy bereid was om op te offer en ontberings te trotseer vir die ideaal van vryheid.

Dis aangrypend om te dink dat ons hierdie jaar, na 175 jaar, weer die Gelofte kan herdenk. 'n Gelofte uit die historiese gebeure van Die Groot Trek.

Hierdie Gelofte is nie sommer 'n gier wat uit die lug geval het nie, maar is een van drie belangrike geloftes wat ons geskiedenis onherroeplik verander het.

Die eerste gelofte is deur Jan van Riebeeck in 1652 afgelê met die Volksplanting aan die Kaap. Verkeerdelik word daarna verwys as 'n gebed.

Die sinsnede wat vir ons volk opgesluit is lê in die woorde: *"Om hierdie dag, 6 April, tot Gods eer met danksegging te vier en dit vir altyd as 'n blywende dankdag en dag van gebed in te stel."*

Die tweede gelofte is in 1838 afgelê met die Volkswording. Hier word ook die voorsienigheid van God en ons afhanklikheid aan Hom bely.

Die derde is 'n gelofte wat by Paardekraal in 1880 gemaak is en dien as die vertrekpunt van ons volk voor die Eerste Vryheidsoorlog.

In hierdie verbond gaan dit oor die ooreenkoms tussen die mense om die erfpad van die vaders aan die kinders oor te dra, en trou te wees aan land en volk. Dit word met 'n eedswering voor die Here bevestig deur elke volksgenoot teenwoordig.

Die Geloftes en ons verantwoordelikheid

Om dié twee geloftes, Volksplanting en Volkswording, word ons tot verantwoording voor God geroep.

● 1654: Sodat die weldade van die Here nooit deur ons nakomelinge vergeet word nie.

● 1838: Hier staan ons voor die die Heilige God van hemel en aarde.

Met dié volksverbond word onderlinge trou aan mekaar opgeroep en die Here as getuie geroep. Ons besef weereens die ongelooflike vertroue wat die mens in God gestel het.

Op grond hiervan word elke Afrikanernasionalis tot verantwoording geroep en mag ons nie roekeloos onbetrokke en onverantwoordelik daarmee omgaan nie.

Interessant is dat Andries Pretorius reeds in 1853 vermaan is deur Sarel Cilliers omdat hy nie die Gelofte hou nie.

Soms vergeet ons Die Groot Trek se geskiedenis. Al die hoekoms en waaroms. Dan kom ons weereens onder die besef wat die Prediker sê; dit wat daar was sal weer daar wees, en dit wat gebeur het, sal weer gebeur, en daar is niks nuuts onder die son nie.

Oorloë kom en gaan en daar sal altyd oorloë wees. Daar sal altyd verskille, ontevredenheid en die wil om vry te wees, wees. Vryheid. Die droom waarvoor die Boere van destyd kants gesien het. Vryheid. Dit wat deur verraad van ons ontnem is.

Trek ter wille van vryheid

Die Groot Trek was niks anders as die verhuising van duisende Boere nie. Hierdie was geen romantiese trek nie, maar het honderde lewens gekos. Dit het moed en opofferings gekos.

Die Boere van die Kaapse Oosgrens was moeg vir die Britse juk en die onregverdige behandeling teenoor hulle. Hulle was moeg vir die grensoorloë, die moorde en die talle diefstalle van hulle eiendom en duisende vee.

Dit was nie 'n besluit wat oornag geneem is, en sommer so die vreemde in getrek is nie. Nee, dit het baie voorbereiding en beplan-

ning en oorweging gekos.

Die vreemde is eers verken voor daar tot die daad oorgegaan is, en in 1835 het die woord "trek" reeds baie ver getrek.

By die herdenking van die Gelofte by Bloedrivier, is dit dan ook ons plig as Afrikaner nasionaliste, om ook die roem en die eer en die nagedagtenis van die Voortrekkervrou te besing.

Hoe teleurstellend is dit egter hoe weinig opgeteken is oor die rol van die vroue van Die Groot Trek.

Hierdie vroue, wat in liggaam en siel net so vrou was soos enige vrou vandag nog is, het hulle mans ondersteun en bygestaan. Hulle het saam met hulle mans al die ontberinge en verdrukking op die grense van die Kolonie meegemaak en deurgemaak.

Met die besluit om te trek, moes sy haar losskeur van haar tuiste. Losskeur van haar platklipstoep wat dien as simbool van Afrikanereenvoud en egtheid waarin sy haar gesin met liefde en toewyding versorg het. Losskeur van die vrugbare aarde waaraan sy gewoon was, in ruil vir die onbekende en ongetemde om weer van nuuts af te begin.

Sy moes haar met weemoed losskeur van die graffies van haar kinders en ander geliefdes. Losskeur van familie en bekendes met die wete dat sy hulle nooit weer sal sien nie. Sy moes haar losskeur van haar ruim veilige hawe in ruil vir 'n beknopte kakebeenwa met beperkte ruimte. Dit alles met die hoop op vryheid.

Ons hoor haar sag in haar haar binnekamer bid... en dan sien ons haar tevredenheid en stille berusting om met haar kinders en min goed op 'n kakebeenwa die onbekende, onsekere en ongerepte noorde tegemoet te gaan.

Voortrekkervrou verruil gerief vir ossewa

Ons weet dat die Voortrekkervrou met 'n vaste vertroue en vasberadenheid hierdie stap geneem het, wat menslikerwyse te veel van 'n vrou geeis het, want opofferings was daar baie.

'n Kakebeenwa was maar klein in vergelyking met 'n huis wat sy besit het. 'n Wa was nie meer as 'n meter breed nie en die bekende wakies het heel voor in die die wa gestaan en het ook as sitplek en pakplek vir linne, Die Bybel en ander waardevolle items gedien. Wat neem jy werklik in 'n kakebeenwa saam?

Soos God gewone vroue gebruik om in sy diens te staan en take te verrig, so was die Voortrekkervrou ook 'n gewone vrou. 'n Gewone vrou met tekortkominge en foute soos 'n gewone vrou vandag nog. Maar algaande het sy 'n belangrike rol gespeel in haar onmiskenbare krag en deurstellingsvermoë as een van die belangrikste faktore tot vandag in die geskiedenis van nasiewording van die Afrikanervolk.

Daar was baie vroue waarvan ons maar min weet en waarvan min opgeteken is. Almal heldinne wat vereer moet word. Hierdie vroue van Die Groot Trek moet besing word. Dit was vroue met moederliefde, wat haar siele-adel aan haar nakroos vertolk. Vroue wat in die aandskemering van 'n kakebeenwa hulle kinders leer bid en glo het in die Almagtige wat die enigste weg en waarheid is. Dit was vroue met onverskrokke moed en geloofsvertroue, maar ook vroue met smart en lyding.

Hierdie vroue van Die Groot Trek het hulle al meer bekwaam om hierdie wildernis te trotseer. Ja, dit het deel van hulle wese geword. Hulle het kaalvoet oor die berge getrek en hul mans bygestaan. Hulle het help wawiele afhaal en regmaak. Hulle het met die trekosse en

(Vervolg op bl. 8)

Die Groot Trek: Die vrou se rol in perspektief (vervolg)

ander beeste gehelp. Hulle het met hulle suigeling en klein kindertjies op en af oor die berge gebeur.

Al hierdie dinge het die Trekkervrou gehard en taai gemaak, maar haar nie verstomp teenoor haar belangrikste roeping as, moeder van haar volk, en as draer van die lewe te wees nie.

Voortrekkervrou behou haar vroulikheid in wildernis

In alle omstandighede het sy steeds vrou gebly, en het sy klere gemaak van die fynste lap uit die wakies. Alles met die hand, fyn en afgewerk.

Sy het bedlinne met die hand borduur. Velskoene met die grootse sorg gemaak. Kerse gemaak. Alle voedsel berei en versorg. Geboorte gegee in 'n tent of op 'n wa. Siektes trotseer en met boererate gesond gedokter of die lyding help verlig en later self moes bystaan en sien hoe haar geliefdes sterf.

Sy wat moes sien hoe haar kinders wreed vermoor en teen wawiele dood geslaan is. Sy het die aanvalle van wilde diere help afweer.

Te midde van al hierdie dinge was sy steeds bereid om haar lewe te offer in die stryd tot die bittere end.

Sou ons vandag al hierdie dinge oorleef het?

Hierdie moeders van ons volk het die angs oorwin en hulle mans bygestaan en aangemoedig wat soms ook in vertwyfeling verval het om nie moed op te gee nie.

Op die sterfbed van Andries Pretorius se vrou, klink haar stem beslis as sy sê: Om hier te bly kan jy tog nie my lewe red nie. Jou volk het jou dienste nodig, gaan en gaan doen jou plig.

Nou kon die volgende vraag natuurlik na vore: Hoe sou die Afrikanervrou van vandag reageer as sy in dieselfde situasie was as die Boervrou van die Groot Trek? Wie van ons sou een aanval van 'n wilde dier oorleef, wat nog gepraat van saam veg teen 'n oormag barbare en gewere laai soos by Vegkop?

Vandag kan ons dokter toe gaan vir elke hoesie wat 'n kind ontwikkel. Hoe sou ons nog boonop in die veld sonder dokters, elektrisiteit of lopende water oorleef?

'n Berisping om volksgetrou te bly

Met hierdie besielende vroue uit ons geskiedenis in gedagte moet ons self ook vir ons die vraag vra, waar staan ons vandag? Ons is



Die dapper Boervrouens van die Groot Trek was bereid om die gerief van hul plaashuise en baie ander voorregte wat hiermee gepaard gegaan het net so te los vir 'n lewe in die veld, waar sy die ossewa haar huis moes noem.

beter toegerus as 175 jaar gelede.

Kom die vrou vandag haar plig teenoor haar man, haar kinders en haar volk na? Kom sy haar geloftes na? Is sy bereid om te ly en te stry vir vryheid en vir reg? Is sy bereid om toe te tree tot die stryd en te veg tot die end, die bittere end.

In ons agtergrond en gene is ons nog steeds geneig in ons strewe na vryheid en na reg. Ons neig nog steeds na heerlike ou kos resepte van ons voorgeslagte. Om konfyt te kook, ons brood self te bak en natuurlik lekker plaasbotter self te maak.

Laat ons weer ons kinders leer van outydse speletjies, volkspele en lekker ou volksliedjies sing. Kweek weer 'n trots by ons kinders om eg Afrikaans te wees en eg Afrikaner te wees met 'n volkstrots vir ons geskiedenis en ons geloftes getrou na te kom.

Gebruik geleenthede om diensbaar te wees vir ons volk. God gebruik gewone vroue om in sy diens te staan. Hy is die pottelbakker en ons die klei. Hy gebruik elkeen van ons al is dit hoe gering.

Daar is niks onmoontlik nie. Glo in jouself. Veg met 'n passie en deursettingsvermoë. Volhard met toewyding en bly positief. Motiveer so ook die vroue om jou.

Glo in God. Kom tot die besef dat jy ook 'n "wen vrou" kan wees soos wat Spreuke haar opsom: vrou wie se waarde ver bo die van koral is.

Wees trotse Afrikaner vroue vir ons mans en vir ons kinders. Moeders van Suid-Afrika.

Geslagsvoorligting - Humanistiese wapen teen die Christenkind (vervolg)

Die humanistiese invloed op die onderwys blyk duidelik in die aanbieding van die gesinsvoorligtingprogram, waarin Bybelse norme nie primêr is nie. Die geslagsvoorligtingprogram word dus Christelik geklee maar geen Bybelse norme word in die temabehandeling uitgespel nie. Dus is die norme wat aan die kind deurgegee word afhanklik van die norme van die aanbieder.

Hierdie totale program is met 'n humanistiese inslag opgestel maar steeds was daar T.O.D. personeel wat dit stel dat die program anders is as ander lande omrede dit met Bybelse norme aangebied word. 'n Christelike klee is nie Bybelse norme nie, dit is misleiding. Dieselfde slinksheid kan vandag nog gesien word as mens kyk na die staatskurrikulum waarin die stelling van Christelike standarde gebruik word, en weereens, Christelike standarde is nie noodwendig Christenskap of Bybelse norme nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat die lande wat voor Suid-Afrika met hierdie voorligtingsprogramme begin het, ook met sogenaamde Christelike waardes en Bybelse norme begin het maar het dit baie gou ter syde gestel omdat almal in die skole nie Christene is nie. Dit is presies wat ons vandag sien gebeur in ons staatskole nadat die skole oopgestel is vir alle rasse en gelowe en die humanistiese menseregte aanvaar is.

Geslagsvoorligting is die eksklusiewe plig en verantwoordelikheid van die ouer. Dit is deel van die Christen ouers se doopbelofte en is dit dus ons roeping om dit aan ons kinders oor te dra volgens Bybelse norme. Dit bly steeds 'n sensitiewe saak waarin elke Christen ouer baie subtiel en met die Woord van God as riglyn die besluit moet neem, as die persoon wat sy of haar kind se geaardheid en stadium van ontwikkeling die beste ken, wanneer die geskikte tyd en beste metode van oordrag vir elke kind afsonderlik sal wees. Hierdie is en bly die ouers se terrein en niemand anders sin nie.

Verder word die die kind se moraliteit oor geslagsaangeleenthede afgebreek deur intieme verwarrende sake te openbaar, oop te stel en uit te stal in klasverband. Kinders word in werklikheid beroof van hul kinderjare en daar word verwarring geskep oor hul menswees en Christelike opdrag teenoor die huwelik. Groot skade word aan die kind se geestelike weerbaarheid aangerig.

Dit is 'n welbekende feit dat onderrig baie meer doeltreffend is as die kind in sy eie kultuurmileu opgevoed word. In die voorligtingsprogram word daar van Amerikaanse kultuurvreemde opstellings in skyfieformaat gebruik gemaak waarin daar byvoorbeeld Blankes en Negers saam op die skoolterrein uitgebeeld word. Hierdie wyse van aanbieding is in ooreenstemming met een van die kommunistiese belangrikste doelstellings, om die onderwys as wapen te gebruik teen die Christendom deur sosiale integrasie te ontwikkel.

Dit is skokkend om te sien hoe vinnig die Afrikanervolk in hierdie humanistiese web van invloed in vasgevang geword het. Die aanvaarding van integrasie en geloofsafhakende normes is al wyd gesaai onder ons mense en dit is grootliks te danke aan ons onderwysstelsel. As ons diep daarvoor gaan nadink word die pad onbewustelik al reeds vroeg voorberei in die kind se lewe en daar is selfs in die oorsese skole 'n term wat hiervoor gebruik word: "Values Classification". Dit behels dat die kind sy eie norme kan vasstel op, onder andere, die volgende wyse: Die kind bespreek sy ouers se waardes in die groep, daarna word die norme van die kind en sy konserwatiewe/behoudende ouers voor die groep belaglik gemaak en afgebreek. Dan word die nuwe humanistiese norme vasgelê.

Die ontstaan van geslagsvoorligting lê diep gewortel en word gepropageer deur organisasies soos die VVO, UNESCO en die Wêreld-Gesondheidsinstituut wat dit ten doel het om 'n globale stelsel te skep waarin kinders geïntegreer kan word deur sensitiwiteitsopleiding van 'n "New Age" een-wêreldorde, waarin daar een godsdiens en regering sal wees nie. Hierdie humanistiese verenigings ontken die bestaan van God as die Skepper van die heelal en glo in die evolusie van die mens. Verder glo hul ook dat daar geen lewe is na die dood nie, hulle laat ook geen aanbidding en gebed toe nie en glo

dat die mens sy eie god is.

Geslagsvoorligting het reg oor die wêreld misluk. In Swede word geslagsvoorligting al die langste bedryf in die skole. Nadat geslagsvoorligting in 1956 in Swede se skole verpligtend geword het, het verskeie siektes en ongehude swangerskappe onder kinders dramaties toegeneem. Verkrachtings het toegeneem met 400%, swangerskappe by kinders neem toe teen 900%. Hierdie selfde tendens is in lande soos Amerika, Engeland, Denemarke en Australië, na die instelling van geslagsvoorligting, waargeneem.

Daar is nog baie meer feite wat aangehaal kan word om die argument oor die vernietigende effek wat die humanistiese geslagsvoorligting op ons kinders het voort te sit, maar wat wel moet uitstaan bo alles is die dat ons as gelowige ouers 'n Goddelike plig het ten opsigte van die opvoeding van ons kinders in ooreenstemming met die Bybel en dat dit 'n plig is wat nooit versuim mag word nie, maak nie saak hoe die druk deur die wêreld op ons as gelowiges uitgeoefen word nie. Ons mag nie versuim met die opvoeding van ons kinders nie.

Laat ons nou weer die trots van ons verlede in die hede begin herleef, die trots om afgesonder te wees van die wêreld en sy verderflike dinge. Staan op en neem standpunt in teen die onheilige aanslag wat teen ons gevoer word, die aanslag op ons kinders, deur God aan ons geleen om hul te vorm en te skaaf tot eer en verheerlikking van sy groot en oneindige Naam.

Een volk voor God, teen die hele wêreld vry. ■

Naslaan bron: 'Die anneksasie van ons kinders' - naakte feite oor geslagsvoorligting op skool. Saamgestel deur COV.

Besoek gerus die ANB se webwerf by:
www.anbsa.co.za

ANB KONTAK BESONDERHEDE

Indien u enige verdere inligting verlang kontak gerus enige van die ANB Dagbestuurslede.

- Johann Grobler (Voorsitter) - Tel (014) 763-3920
- Carel vd Grijp (Ondervoorsitter) - Tel 072 593-0491
- Emil de Villiers (Penningmeester) - Tel 083 417 7311
- Jannie Brink (Sekretaris) - Tel (011) 787-7895
- Faks (011) 787-8312
- Gerhard vd Grijp (Addisionele lid) - Tel 082 463-2125

Rig alle korrespondensie aan:

**Die Sekretaris,
Afrikaner Nasionalistiese Beweging
Posbus 293,
Ferndale, 2160**

e-pos: Nasionalis@vodamail.co.za

Webwerf: <http://anbsa.co.za>

DONASIES

Donasies is welkom en kan inbetaal word in die ANB se bankrekening by **Eerste Nasionale Bank**.

Rekeningnommer: 6207 397 999 3

Thabazimbi. (Takkode 26 03 46)